# A TAALLEER

## 1. Alfabetisering



**DIE ALFABET**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | F | G | H | I |
| J | K | L | M | N | O | P | Q | R |
| S | T | U | V | W | X | Y | Z | |

### Hoe rangskik ek woorde in alfabetiese volgorde?

**STAP 1**

Kyk na die eerste letter van die woord.

**Seekoei** en **Olifant** – die eerste letter is dus **S** en **O.**

**O** is voor **S** in die alfabet en daarom word **Olifant** eerste geskryf.

**STAP 2**

As die eerste letter van twee woorde dieselfde is, moet die woorde volgens die tweede letter gerangskik word.

**M**uis en **M**ier begin albei met 'n **M.**

Die tweede letter in **Muis** is **u** en die tweede letter in **Mier** is **i**.

Die **I** kom voor die **U** in die alfabet en daarom word **Mier** eerste geskryf.

So kan dit aangaan, totdat daar 'n verskil in die letters is.

Om die volgende dierename alfabeties te rangskik, maak ons van bogenoemde stappe gebruik.

**Slang; Renoster; Jagluiperd; Olifant; Leeu; Luiperd; Seeleeu; Olifantbul; Seekoei; Renostervoëltjie; Olifantkoei.**

**Jagluiperd; Leeu; Luiperd; Olifant; Olifantbul; Olifantkoei; Renoster; Renostervoëltjie; Seekoei; Seeleeu; Slang.**




Indien daar woorde is waarvan die eerste deel dieselfde is, soos byvoorbeeld appel en appelkoos, word appel voor appelkoos geskryf omdat die kortste woord altyd eerste geskryf word.

Soms kom simbole en syfers in woorde voor, wat alfabeties georden moet word.

Bv. Ons gesin se Instagram-name (*handles*) is soos volg:
MillsD
Mills2013
Mills%

STAP 1 **Sorteer die woorde in die volgorde van:**

- simbole
- syfers
- name (voorletters) en vanne

Neem slegs die simbool, syfer en alfabetletter in ag, aangesien Mills dieselfde is.
*Mills%*
*Mills2013*
*MillsD*

**MAak jou eie lys van woorde met simbole, syfers en alfabetletters.**



______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

- Indien daar name, voorletters of vanne is, word dit volgens die vanne georden. Indien dieselfde van meer as een keer voorkom, word dit volgens die voorletters of naam georden.

**Voorbeeld:** Elsophi van der Merwe
D. Struwig
C. Kruger
Corné Krüger
T. Smith
Liana Rautenbach
De Villiers, C.

## STAP 1 Herskryf die inligting deur eers die vanne neer te skryf.

Van der Merwe, Elsophi
Struwig, D.
Kruger, C.
Krüger, Corné
Smith, T.
Rautenbach, Liana
De Villiers, C.

## STAP 2 Orden dan die van in alfabetiese volgorde en daarna die voorletter of naam.

De Villiers, C.
Kruger, C.
Krüger, Corné
Rautenbach, Liana
Smith, T.
Struwig, D.
Van der Merwe, Elsophi

## NOTA



# B LEESVAARDIGHEID

## Begripstoetse

### 1. Wenke met die beantwoording van begripstoetse

#### 1.1 Hoe word ’n begripstoets gelees?

- Lees die **titel** van die leesstuk. Waaroor gaan die leesstuk?
- Kyk na die **prentjies** by die leesstuk. Dit gee ’n idee waaroor die leesstuk gaan.
- Lees die **leesstuk** vir die eerste keer deur. Kry ’n idee waaroor die leesstuk gaan.
- Lees die vrae goed deur. Maak seker dat jy weet waarna om te kyk wanneer jy die leesstuk vir die tweede keer lees.
- Lees die leesstuk weer deur en onderstreep die hoofgedagtes *(main ideas)* of ’n kernwoord wat in die vrae gevra word.
- Beplan eers jou antwoord voordat jy dit neerskryf. Sorg dat jou antwoord in goeie Afrikaans en in ’n volsin is.

#### 1.2 Onthou die volgende!

- Let noukeurig op die instruksies van elke vraag.
- Beantwoord in volsinne. Let daarop dat die vraag soms net **een woord** of ’n **aanhaling** vra.
- Die antwoord moet ’n stelsin wees.
- Begin ’n sin altyd met ’n hoofletter en eindig met ’n punt.
- Moet nooit ’n sin met ’n voegwoord bv. “want” of “omdat” begin nie.
- Vermy voornaamwoorde *(pronouns)* in jou antwoorde, wees spesifiek. Bv. Piet het ... i.p.v. Hy het ....
- “Haal aan” beteken dat jy ’n gedeelte uit die leesstuk, net so, in aanhalingstekens *(quotation marks)* moet neerskryf.
- “Noem” beteken dat jy net die antwoord moet gee (nie in volsinne nie).
- “Verduidelik of motiveer” beteken dat jy ’n rede *(reason)* vir jou antwoord moet gee. Die antwoord is dan langer.
- “Frase”/“sinsnede” *(phrase)* beteken dat slegs ’n gedeelte van ’n sin aangehaal moet word.

#### 1.3 Beantwoording van vrae

- Beplan die antwoord deur te kyk na woordorde, spelling en leestekens.
- Beantwoord **net** wat gevra word. Hou jou sinne kort. Dit sorg dat jy minder foute maak.
- Let op na die puntetoekenning van elke vraag. Dit bepaal die hoeveelheid feite wat genoem of gegee moet word.

# C LETTERKUNDE

## Prosa

Prosa gaan oor stories en verhale.

1. **Verteller** *(Narrator)*
   Die verteller is die persoon *(person)* wat die storie vertel *(tells the story)*. Wie die verteller is, is baie belangrik, want dit bepaal of die leser hom glo of nie.

   ***Tipes*** *(types)*

   **1.1 Ek-verteller/eerstepersoonsverteller**

   - Een van die karakters (*characters*)
   - Die verhaal word vanuit sy oogpunt (*point of view*) vertel.
   - Hy is subjektief (*subjective*).
   - Hy weet nie wat ander karakters dink en voel nie (*oblivious to other characters' feelings and thoughts*).
   - "Ek"

   **1.2 Alomteenwoordige verteller/derdepersoonsverteller**

   - Hy is nie een van die karakters (*characters*) nie.
   - Hy staan buite die verhaal.
   - Hy is objektief (*objective*).
   - Hy weet wat ander karakters hoor, sien, dink en voel.
   - Hy kan vertel van gebeure (*events*) wat op meer as een plek plaasvind.

2. **Karakter** *(Character)*

   Mense/diere/elemente in 'n verhaal word karakters genoem en is deel van die gebeure of dialoog (*part of action or dialogue*).

   ***Tipes*** *(types)*

   **2.1 Hoofkarakter** *(Main character)*
   - Belangrikste karakter
   - Die karakter wat die leser (*reader*) aan die einde van die verhaal die beste ken.

### 2.2 Newekarakter

- Ander karakters, wat nie so belangrik is nie (*not as important*)

## 3. Karakterbeskrywing *(Character description)*

Die manier waarop die karakter in die storie voorgestel word (*presented*):

- Karakter se naam (*name*) en voorkoms (*appearance*)
- Karakter se dialoog (*dialogue*) en aksies (*actions*)
- Wat ander karakters oor hierdie karakter sê.
- Karakter se optrede (*reaction*) tydens konflik (*conflict*)

## 4. Dialoog *(Dialogue)*

Dialoog is die gesprekke (*conversations*) tussen karakters. Dit is deel van die gebeure, omdat dit tot verdere gebeure of konflik kan lei.

## 5. Konflik *(Conflict)*/botsing/spanning

Konflik, botsing of spanning is wanneer iemand baklei (*fight/argue*) – met ander karakters (*other characters*) of met homself (*himself*).

***Tipes*** *(types)*

**5.1 Uiterlike konflik** ➔ Tussen karakters as hulle baklei (*fight/argue*)

**5.2 Innerlike konflik** ➔ Konflik in 'n karakter se gedagtes

## 6. Milieu *(Setting)*

Die tyd en ruimte van 'n verhaal.

Tyd ➔ Wanneer vind die verhaal plaas (*time*)?
Ruimte ➔ Waar speel die verhaal af (*place*)?

### Hoe word milieu bepaal?

- In watter tyd (*time*) speel die verhaal af?

  Bv: In die tyd van die Middeleeue

- Kleredrag (*clothing*) van karakters

  Bv: Korset (*corset*) en sykouse onder balrokke (*ball gowns*)

- Taalgebruik (*language*) en gewoontes (*mannerisms/habits*)

  Bv: "*Romeo, Romeo, wherefore art thou, Romeo?*"